Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

GR R OB2 /2020

Liewe Gr R Ouers,

Tema van die week:
My liggaam (27 - 31 Januarie)

Temabespreking:
- Name van liggaamsdele
- Wat kan elke liggaamsdeel doen
- My lyfie behoort aan my!
- Hoe om my lyfie gesond en skoon te hou
- Hoe lyk ek binne?

Huistaal:
- Klank “a” en sigwoord “kan”
- Hersien “s”-klank
- Skrifpatrone
- Aanvangsklank van hul naam
- Klap name in spraakgrepe
- Legkaarte

Wiskunde:
- Identifiseer en tel verskillende liggaamsdele
- Beskryf, orden en vergelyk getalle
- Posisie, oriëntasie en aansigte (in en uit)
- 3D voorwerpe
- Tyd
  - volgorde van gebeure
  - dae van die week
  - seisoene

Versie:
Lyfierympie:
Met my voetjies kan ek stap
Met my handjies kan ek klap.
Met my koppie kan ek knik,
Met my lyfie vooroor buk.
Met my arms kan ek swaai.
Op my toontjies kan ek draai.

Liggaamsopvoeding:
- Statiese motoriek
- Middellynkruising
- Ruimtelike oriëntasie
- Beweging
- Simmetrie
- Hindernisbaan

Uitvoerende kuns:
- Kreatiewe beweging en dans
- Handoog –koördinasie.

Onthou:
Maandag: (28 Januarie) Waatlemoenfees (R20)
Vrydag: Snoepie en Swemklere

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete

Gr R Opvoeders

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

'n Nuttige brokkie kennis
Waarom is dit nodig dat die Graad R-leerder nog steeds oor sy/haar liggaam moet leer? Die ontdekking van sy/haar liggaam en sy/haar liggaam se moontlikhede is in hierdie stadium nog steeds die basis van alles wat die kleuter leer. Dit is noodsaaklik dat die leerder sy/haar liggaam en wat sy/haar liggaam alles kan doen, regtig moet ken. Hy/sy moet weet waartoe sy/haar liggaam in staat is, en ook wat sy/haar liggaam nie kan doen nie. Dit sal help dat hy/sy nie sy/haar vermoëns oor-of onderskat nie. Om hierdie rede spring ons in hierdie program weg deur die leerder te lei om sy/haar liggaam en waartoe sy/haar liggaam in staat is, speel-speel te laat ontdek. Die kind se bewuste kennis van sy/haar liggaamsdele en wat die liggaamsdele se funksie is, word liggaamsbeeld genoem.